## DIE GRAF VAN ISAK LEEUBOUD

My liewe ou Vrystaat met al sy onoortreflike hoedanighede het tog een swakheid en dit is dat hy geneë is om baie van sy ontslape helde vir omtrent 'n driekwarteeu in hul grafte te laat rus voordat hy hulle groot dade weer in herinnering bring, monumente vir hulle oprig of 'n bestaande grafsteen wat vervalle is, herstel. So was dit die geval met die volgende:

*Louw Wepener*: Hy het van 1865 tot 1941 en wel vir 76 jaar, in 'n vergete graf sonder 'n grafsteen met 'n opskrif gelê op sy ou woonplaas, *Constantia* in die distrik Bethulie, voordat sy graaf, na veel moeite gevind is, sy beendere opgegrawe is en 'n pragtige monument van ysterklip op sy nuwe graf opgerig is.

*Antjie Scheepers*: Sy het van 1878 tot 1963 en wel vir 85 jaar, vergete gelê in 'n graf sonder 'n grafsteen en opskrif op die plaas *Welgevonden* in die distrik Ladybrand voordat haar stoflike oorsko opgegrawe is en op die terrein van die hoërskool van Ladybrand in 'n monument ter ere van haar geplaas is.

*Isak Leeuboud*: Hy het van 1893 tot 1968 en wel vir 75 jaar, in 'n vergete graf gerus, waarop daar wel 'n grafsteen met opskrif was, maar wat vir meer as 25 jaar al omgeval op die graf lê, voordat stappe gedoen is om sy graf sowel as dié van sy vrou behoorlik te herstel en hierdie artikel geskryf word om bekend te maak wie hy was en waar sy graf is.

Die Vrystaat het in 'n driekwarteeu nie geweet dat 'n Voortrekkerheld wat aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het, binne sy grense begrawe lê nie.

Izak Andries van Niekerk is in 1811 gebore en in 1837 toe hy 26 jaar oud was, het hy met die Groot Trek saamgegaan. Op Taba 'Nchu het hy aan 'n leeujag deelgeneem, is daar deur die leeu in die een boud gewond en as gevolg van hierdie insident, die bynaam „Isak Leeuboud" gekry. Eerwaarde Erasmus Smit teken hieromtrent die volgende aan in sy dagboek:

„Donderdag, 2 Feb. 1837. Salomon, Izak van Niekerk en nog eenige anderen, reden nu op een kleine jachtparty. Izak van Niekerk ontmoette een leeuw, die hem met zijn grooten poot een goeden slag op zijne linkerbil gaf, van welker wond hij daarna spoedig genezen werd: Hij kreeg door dit geval den bijnaam van Izak Leeuwenbout, om hem van een anderen Izak van Niekerk te onderscheiden."

Salomon was die seun van Eerwaarde Erasmus Smit. 'n Paar maande later, op 28 Junie 1837, is hy langs die Sandrivier oorlede en daar begrawe. Ek het in die veertiger jare, terwyl ek Direkteur van Onderwys in die Vrystaat was, vir 'n lang tyd sonder sukses na sy graf gesoek.

Wat van Isak Leeuboud na die voorval op Taba 'Nchu in 1837 geword het, was tot onlangs nie bekend nie. Dr. Anna de Villiers het wel 'n hooffiguur van hom gemaak in haar historiese roman *Die Wit Kraai*, maar vermoedelik het die fantasie aangevul by die insident met die leeu wat die geskiedenis nie kon verskaf nie.

In 1943 het mnr. J. H. Cloete, destyds prokureur op Clocolan in die Vrystaat, aan my sy korrespondensie met afstammelinge van Isak Leeuboud gestuur. Hy, 'n man wat intens belanggestel het in ons kultuur en ons geskiedenis, was toe al etlike jare besig om die loopbaan van Isak Leeuboud, van die datum van die insident met die leeu op Taba 'Nchu tot sy dood in 1893 op die plaas in die distrik Ficksburg, vas te stel.

Destyds het 'n mev. J. M. van Wyk van die plaas *Nooitgedacht*, Christiana, nog geleef. Sy was die jongste dogter van Isak Leeuboud. In 1866 gebore, was sy toe al 75 jaar oud toe sy in 1941 'n verklaring omtrent die loopbaan van haar vader gemaak het. Daar was onder die korrespondensie ook 'n verklaring van 'n Izak van Niekerk, 'n kleinkind van Isak Leeuboud, wat toe op *Hillside*, distrik Rosendal gewoon het. Gewapen met die twee verklarings en ander dokumente asook inligting wat ek self ingewin het, kan ek nou die volgende gegewens omtrent die loopbaan van Isak Leeuboud verskaf:



*Grafsteen van Izak Andries van Niekerk.*

Izak Andries van Niekerk is in 1811 in die distrik Swellendam gebore. Die opskrif op sy grafsteen lees soos volg:

*Ter nagedachtenis*
*van*
*Izak Andries van Niekerk*
*Geboren in het District Zwellendam*
*op 8ste December 1811*
*Overleden te Franschoek*
*District Ficksburg, O.V.S.*
*op 14 Junie 1893*
*Rust myn ziel, uw God is Koning.*

Van die Skriba van die gemeente van Swellendam het ek die volgende doopsertifikaat gekry:

*Doopdatum:* 3 Maÿ 1812.

*Gedoop:* Een zoon geboren den 5 December 1811.

*Vader:* Johannes Wilhelmus van Niuwkerk.

*Moeder:* Margrietha Maria Spies woonende aan Grootvaders Bosch.

*Getuige:* Isaak Andries van Niekerk en vrouw Johanna Lambrechts.

*Naam van het kind:* Isaak Andreas.

Van die insident met die leeu op Thaba 'Nchu vertel mev. Van Wyk, sy dogter, dat toe die leeu storm sy maats op hul perde gespring en weggejaag het. Die perd van Isak Leeubond het geskrik, hande uitgeruk en weggehardloop agter die ander aan. Die leeu was toe op Isak Leeuboud. Toe die leeu sy bek oopmaak om hom te byt, het hy sy geweer dwars in die bek van die leeu gedruk. Met sy poot het die leeu egter 'n lelike wond aan sy linkerboud geslaan. Die bloed het sy skoene vol gevloei. 'n Naturel wat saam wegjaag, kyk om en skree: „God, baas, kyk daar." Salomon Erasmus ruk toe sy perd om, jaag terug en skiet die leeu dood. Saam met die leeu het Isak Leeuboud neergeval — uitgeput van die worsteling met die leeu en bloedverlies.

Verder op die trek na Natal hoor ons niks van hom nie, behalwe dat sy dogter vertel dat hy nie saamgegaan het met Piet Retief na Sekonjella om die beeste van Dingaan te haal nie. Toe Retief egter die beeste na Dingaan neem en om die dokument geteken te kry, sou Isak Leeuboud saamgaan. Toe alles gereed was om te vertrek, was sy perd weg. Hulle het baie gesoek maar kon die perd nie kry nie. Nadat die groep mans onder leiding van Piet Retief al 'n ruk weg was, het 'n vriend hom 'n merrie geleen en hy wou agterna jaag om die patrolle in te haal, maar Sarel Cilliers wou hom nie toelaat om dit alleen te waag nie. Hy was baie kwaad en het 'n hele dag onder 'n wa gelê.

Toe Retief en sy manne nie op die verwagte tyd terug kom nie, was daar groot onrustigheid en kommer. Hans Dons stel toe voor dat hulle 'n kommando uitstuur om ondersoek te gaan instel, maar een môre vroeg toe hulle nog slaap, kom Stefanus Scheepers en Stefanus van Jaarsveld by hulle aan met die verskriklike nuus dat Retief en sy mense vermoor is.

Met die strafkommando's onder leiding van Generaal Andries Pretorius, het hy wel saamgegaan. Hy was voortdurend met Hans de Lange (Hans Dons) saam in dieselfde geselskap want hy het op daardie tydstip by sy dogter, Elsie, vlerk gesleep. In die laer by Bloedrivier was hy een van die manne wat die lanterns aan sweepstokke moes vasmaak en bo die waens laat hang. Nadat daar rus gekom het in Natal, het hy met Elsie, die oudste dogter van Hans Dons, getrou en vir homself die plaas *Driefontein* gekry. *Driefontein* is noord van Ladysmith tussen Kliprivier en die Drakensberge. Daar is sewe kinders vir hom gebore waarna sy vrou oorlede is. Hy trou later met 'n weduwee Steyn, gebore Scheepers, en

het weer sewe kinders by haar gehad. Mev. Van Wyk wat in 1941 nog geleef het en al hierdie inligting verskaf het, was die laaste kind wat op *Driefontein* gebore is. Nadat haar vader na die Vrystaat getrek het, is die laaste kind, 'n seun, in die distrik Ficksburg gebore.

In 1861 toe Hans Dons tereggestel is, het Isak Leeuboud die lyk van die magistraat gekry en dit op sy plaas *Driefontein* begrawe.

In ongeveer 1870 — mev. Van Wyk wat in Februarie 1941 byna 75 jaar oud was, is vermoedelik in 1866 gebore en sy was vier jaar of 'n bietjie ouer toe dit gebeur het — het Isak Leeuboud sy plaas *Driefontein* verkoop en na die Vrystaat verhuis. Die verkoop van die plaas het op 'n eienaardige wyse geskied en wel soos volg:

Een oggend vroeg sien Isak Leeuboud 'n groot klomp Zoeloes aankom — sommer so 'n swart plaat, sê sy dogter. Hy word dadelik onrustig, laai al sy gewere en beveel sy vrou en kinders om in 'n kamer te gaan. Sy seun Andries moes agter hom staan en elke geweer wat leeg word, moes hy laai. Hy dreig om Andries dood te skiet as hy daar padgee. Hy self staan toe by die deur. Tot sy verligting merk hy dat al die Zoeloes en ook die Kaptein, ongewapen was. Een man kom na vore en deel mee dat hulle die plaas van hom wou koop om dit 'n kerkplaas te maak. Die prys van die plaas was £110. 'n Tafel en twee stoele word uitgedra — een vir die Kaptein en een vir die eienaar van die plaas. Die Kaptein plaas toe 'n tweesjielingstuk op die tafel en elke volgeling ook 'n muntstuk totdat die koopprys van die plaas byeengebring is — vermoedelik meer as 880 muntstukke. Die geld is in 'n velknapsak geplaas en die plaas is klaar betaal. Haar oom Daas laai toe die velknapsak met die geld op 'n bokkie-karretjie en gaan koop die plase *Franshoek* en *Slootkraal* in die distrik Ficksburg.

Isak Leeuboud stuur sy twee skoonseuns om die plase te okkupeer. Hulle het altwee op *Slootkraal* sooihuisies gebou want hulle kon nie op *Franshoek* kom nie omdat 'n Kaptein met sy volk nog daar gewoon het. Met groot gesukkel het hulle 'n bietjie geploeg en koring, hawer en gars gesaai. Toe die gesaaides opkom, jaag die Basoeto's hulle vee daarin en dreig met assegaaie. Daar was mense wat graag *Franshoek* wou hê en hulle rapporteer toe aan Bloemfontein dat *Franshoek* nie ge-okkupeer is nie. Toe haar vader dit hoor, pas nadat hy met sy trek daar aangekom het, het hy dadelik na Bloemfontein gegaan. By 'n vergadering van eienaars van plase in die verowerde gebied waarby President Brand teenwoordig was, word die naam *Franshoek* afgelees as onge-okkupeerd. Volgens die verkoopregulasies moes al die plase binne 'n vasgestelde tyd „geokkupeer" wees. Haar vader het dadelik opgestaan en gesê dat daar nog nie op die plaas gebou is nie omdat die Basoeto's nog daar woon en onwillig is om pad te gee, maar dat hy al koring, gars en hawer gesaai het en in tydelike sooihuise woon. President Brand verklaar toe dat *Franshoek* ge-okkupeer is en gee opdrag dat sy kaarte aan haar vader gegee word. Die man wat graag die plaas wou hê, het uitgeloop en huis toe gegaan.

Terwyl haar vader afwesig was by dié geleentheid, het een oggend 'n „swart blok kaffers" — haar woorde — na die plaas aangekom. Die broers moes in die veld bly om die vee te beskerm. Die kinders is in 'n kamer toegemaak en die moeder het by die onderdeur gaan staan. Die Basoeto's het haar met assegaaie gedreig en aanhoudend geskree. Sy kon niks verstaan nie. Nadat hulle genoeg geraas het, het hulle weggegaan Nadat haar vader teruggekom het, het die moleste erger en erger geword. Die vee word uit die veld gejaag en die seuns wat hulle oppas, word voortdurend met assegaaie bedreig. Om briewe te skrywe sou niks help nie. Haar vader was verplig om Caledon en Kolbooi weer voor die karretjie te span en na Bloemfontein te ry. „Dit was nog perde en nie horsies wat uit ander land kom nie", voeg sy by. Met groot angs in sy hart oor sy gesin se veiligheid, het hy gereis en daarin geslaag om 'n kommissie te




*Grafsteen van C. R. M. van Niekerk.*

kry om die Basoeto's te dwing om weg te trek. Die Kaptein wou hom eers teësit, maar toe hy sien dat die kommissie gewapen is, het hy getrek.

Daarna het haar vader sy huis op *Franshoek* gebou en het daarheen getrek en daar gewoon totdat hy daar in 1893, toe hy 81½ jaar oud was, oorlede is.

Sy tweede vrou het nog veertien jaar na sy dood op *Franshoek* gewoon. Op haar graf is die volgende opskrif:

*Ter aandenking aan*
*Catharine Regina Maria van Niekerk (gebore Scheepers)*
*Gebore 18 Februarie 1830, dist. Oudtshoorn, K.K.,*
*Overleden 23 September 1907 te*
*Franshoek, Ficksburg, O.R.K.*
*„Wat gy zyt, was ik.*
*Wat ik ben, moet gy worden".*

Tweemaal het ek persoonlik *Franshoek* wat noord van Ficksburg en regs van die hoofweg na Rosendal geleë is, besoek. Die plaas lê reg agter die Sekonjellaberg wat genoem word „Sekonjellashoed" en is in die Moolmanshoekgebied. Die grafte is goed versorg behalwe dat die twee grafstene van Isak Leeuboud en van sy tweede vrou omgeval het en op hulle rûe op die grafte lê. Die opskrifte is duidelik leesbaar. Met die Eeufees van Ficksburg in Oktober 1967, het ek die Rapportryerskorps van Ficksburg versoek om die grafte in die toekoms op te pas en herstelwerk aan te bring waar nodig mag word. Daartoe het hulle geredelik ingestem.

Isak Leeuboud was voorwaar 'n Voortrekkerheld wie se nagedagtenis verdien om in ere gehou te word. Ek doen hiermee 'n beroep op die inwoners van Ficksburg en sy distrik om nie net trots te wees op die feit dat so 'n onverskrokke held van sy formaat in hulle omgewing rus nie, maar om voortdurend 'n wakende oog oor sy graf te hou en dit in stand te help hou.

'n Deel van die plaas *Franshoek* is mettertyd apart geregistreer en mnr. J. H. Cloete van Clocolan het toegesien dat die naam „Isak Leeuboud" daaraan gegee en so geregistreer is in die kantoor van die Registrateur van Aktes, Bloemfontein.

Dr. S. H. Pellissier.